J409

Tel. No.: (021) 832 3000

Faks No.
Fax No.

*By beantwoording haal aan*
*In reply please quote*

*No* IT 1050/2009

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN KONSTITUTIONELE ONTWIKKELING**
**DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**
**REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA • REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

Email adres:
Email address:

Navrae:
Enquiries: T EDWARDS

U verwysing:
Your reference: AJ Stofberg

Boshoff Visser
P O Box 801
WORCESTER
6849

Kantoor van die Meester van die Wes-Kaap Hoë Hof, Kaapstad
Office of the Master of the Western Cape High Court, Cape Town

DULLAH OMAR GEBOU/BUILDING
Privaatsak / Private Bag X9018
Kasteelstraat 45 Castle Street
KAAPSTAD / CAPE TOWN
8000

22 November 2016

Dear Madam/Sir

**RE: BLOUBANK BOERDERY TRUST**

Your letter dated 16 August 2016 refers.

Kindly be advised that the amendment to the trust deed dated 12 November 2016 has been noted and is placed on record.

Yours faithfully

p.p Master of the Western Cape High Court, Cape Town
Office hours weekdays 8h00 to 13h00
https//icmsweb.justice.gov.za/mastersinformation

**<u>WYSIGENDE TRUSTAKTE</u>**

**BLOUBANK BOERDERY TRUST**
**IT1050/2009**

MEMORANDUM VAN OOREENKOMS DEUR EN TUSSEN

**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**
**(ID 821208 5083 080)**

- Hierna die OPRIGTER genoem –

**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**
**(ID 821208 5083 080)**

en

**ELMIEN ORFFER**
**(ID 831022 0077 080)**

en

**ARNOLDUS JACOBUS STOFBERG**
**(ID 720517 5013 083)**
as verteenwoordiger van **BOSHOFF VISSER TRUSTDIENSTE (EDMS) BPK Reg.No. 2001/015936/07**

- Hierna die TRUSTEES genoem -

TER WYSIGING VAN DIE TRUSTAKTE VAN

**BLOUBANK BOERDERY TRUST**
**IT1050/2009**

AANGESIEN die BLOUBANK BOERDERY TRUST op 2 April 2009 opgerig is en op 20 April 2009 by die Meester van die Hoë Hof te Kaapstad geregistreer is onder registrasienommer IT1050/2009;

EN AANGESIEN die OPRIGTER en TRUSTEES sekere bepalings in die trustakte wil wysig;

EN AANGESIEN KLOUSULE 18 van die trustakte sodanige wysigings magtig.

DERHALWE WORD SOOS VOLG OOREENGEKOM:

1. Dat die aanheg van die trustakte wat as volg lees in sy geheel geskrap word:

   TEN BEHOEWE VAN:

   As Inkomstebegunstigdes:

   **CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

   **FREDERICK CHRISTOFFEL ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

   **CHARLOTTE JANE ORFFER** en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

2. Dat 'n nuwe aanhef in die trustakte ingevoeg word wat as volg lees:

   TEN BEHOEWE VAN:

   As Inkomstebegunstigdes:

   **CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig moet word.

   **CHARLOTTE JANE ORFFER** en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

3. Dat die aanhef van die trustakte wat as volg lees in sy geheel geskrap word:

   As Kapitaalbegunstigdes:

   **CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

   **FREDERICK CHRISTOFFEL ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

4. Dat 'n nuwe aanhef in die trustakte ingevoeg word wat as volg lees:

   As Kapitaalbegunstigdes:

   **CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig moet word.

5. Dat klousule 24 van die trustakte wat as volg lees in sy geheel geskrap word:

"24. TESTAMENTêRE VOORBEHOUD

24.1 Daar word spesiaal bepaal dat die oprigter die reg sal hê om by wyse van sy testament die formule voor te skryf vir die verdeling van die trustgoed tussen die kapitaalbegunstigdes by beëindiging van die trust, en sodoende aan te dui welke kapitaalbegunstigdes welke deel van die trutsgoed moet ontvang en die toekennings hoef nie noodwendig gelyk in grootte, waarde of omvang te wees nie.

24.2 Indien die gemelde die oprigter by wyse van sy testament sy prerogatief uitoefen soos in paragraaf 24.1 aan hom verleen, geniet die testamentêre voorskrifte ondanks enige andersluidende bepalings van die trutsdokument by beëindiging van die trust voorrang en is bindend.

24.3 Indien geen voorskrifte ingevolge 24.1 gegee is nie, word die trustgoed verdeel in ooreenstemming met die bepalings in paragraaf 15 vervat.

24.4 Die oprigter sal verder die reg hê om by wyse van sy testament verdere begunstigdes aan te wys indien daar by sy (die oprigter) dood geen natuurlike persoon as begunstigde meer in lewe is nie.

24.5 Die bepalings vervat in 24.1, 24.2, 24.3 en 24.4 word nooit so geïnterpreteer dat die afleiding gemaak kan word dat die skenker of die trustees of die oprigter die reg het om die trustgoed aan homself/haarself/hulleself of enigeen van hulle toe te ken nie. Slegs die kapitaalbegunstigdes mag, by beëindiging van die trust, uit die trustgoed bevoordeel word."

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Worcester in die teenwoordigheid van die attesterende getuies

op hierdie 12 de dag van November 20 16.

AS GETUIES:

1. _______________

2. _______________

_______________
**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**
Oprigter

_______________
**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**
Trustee

ELMIEN ORFFER
Trustee

ARNOLDUS JACOBUS STOFBERG
as verteenwoordiger van Boshoff Visser
Trustdienste (Edms) Bpk
Trustee

G.P.-S. 003-0148 J246

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# MAGTIGINGSBRIEF
# LETTERS OF AUTHORITY

Ingevolge Artikel 6(1) van die Wet op Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet 57 van 1988)
In terms of Section 6(1) of the Trust Property Control Act, 1988 (Act 57 of 1988)

No: IT 1050/2009

Hiermee word gesertifiseer dat /

This is to certify that

**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**

*(Identiteitsnommer / Identity Number: 821208 5083 08 0),*

**ELMIEN ORFFER**

*(Identiteitsnommer / Identity Number: 831022 0077 08 0) en / and*

**BOSHOFF VISSER TRUSTDIENSTE (PTY) LTD**

*(Registrasienommer / Registration Number: 2001/015936/07)*

*Verteenwoordig deur / Represented by*

ARNOLDUS JACOBUS STOFBERG

*(Identiteitsnommer / Identity Number: 720517 5013 08 3)*

gemagtig word om op te tree as trustee(s) van /

is/are hereby authorized to act as trustee(s) of

**BLOUBANK BOERDERY TRUST**

GEGEE onder my hand te KAAPSTAD op hede die dag van

GIVEN under my hand at CAPE TOWN this day of

MASTER OF THE HIGH COURT
CAPE TOWN
2015 -07- 13
KAAPSTAD
MEESTER VAN DIE HOë HOF

Signature

**ASSISTENT MEESTER**
**ASSISTANT MASTER**

T/E

DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT

COLLECTION

J 85

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING**
**DEPARTMENT OF JUSTICE AND CONSTITUTIONAL DEVELOPMENT**

| | |
|---|---|
| Tel. No.: | 021 – 832 3176 |
| Navrae / Enquiries: | T. Edwards |
| My verw / My ref.: | IT 1050/2009 |
| U verw. / Your ref: | |

Meester van die Hoë Hof
Privaatsak X9018
KAAPSTAD
8000

Master of the High Court
Private Bag X9018
CAPE TOWN
8000

Boshoff Visser
P O Box 801
WORCESTER
6850

MASTER OF THE HIGH COURT
CAPE TOWN
2015 -07- 13
KAAPSTAD
MEESTER VAN DIE HOË HOF

Sir / Madam

**BLOUBANK BOERDERY TRUST**

U skrywe gedateer verwys.
Your letter dated refers.

Items gemerk "X" is aangeheg.
Items marked "X" are attached.

- ☐ Magtigingsbrief / Letters of Authority.
- ☐ Magtigingsbrief – Her-uitgereikte / Letters of Authority – Re-Issued.
- ☑ Gewysigde Magtigingsbrief / Amended Letters of Authority.
- ☐ Gewysigde Magtigingsbrief – Her-uitgereikte / Amended Letters of Authority – Re-Issued.
- ☐ Addisionele kommentare / Additional commentary:

***Neem asb kennis dat die <u>oorspronklike</u> Magtigingsbrief/Gewysigde Magtigingsbrief (voorheen Meesterssertifikaat) terug aan die kantoor besorg moet word alvorens enige verdere wysigings aan die sertifkaat/trustees gemaak sal word.***

***Please note that the <u>original</u> Letters of Authority/Amended Letters of Authority (previously Master's Certificate) must be returned to the office before any further amendments to the certificate or trustees will be done.***

Die uwe / Yours faithfully

p.p Meester van die Wes-Kaapse Hoë Hof, Kaapstad
pp. Master of the Western Cape High Court, Cape Town

/te

**DEPARTEMENT VAN JUSTISIE EN KONSTITUSIONELE ONTWIKKELING**
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# MAGTIGINGSBRIEF

Ingevolge artikel 6(1) van die Wet op Beheer oor Trustgoed, 1988 (Wet 57 van 1988)

No: IT1050/2009

Hiermee word gesertifiseer dat CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER
*(Identiteitsnommer: 821208 5083 08 0)*
FREDERICK CHRISTOFFEL ORFFER
*(Identiteitsnommer: 850528 5239 08 3)*
PIETER DE WIT WESSELS
*as genomineerde van Boshoff Visser Trustdienste (Edms) Beperk*

*(Registrasienommer: 2001/015936/07)*

gemagtig word om as trustees van die BLOUBANK BOERDERY TRUST

op te tree.

GEGEE onder my hand te KAAPSTAD op hede die 20ste dag van APRIL 2009

Asst. Meester van die Wes-Kaap Hoë Hof, Kaapstad

/ab

MASTER OF THE SUPREME COURT
CAPE TOWN
2009 -04- 20
KAAPSTAD
MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF

# TRUSTAKTE

**BLOUBANK BOERDERY TRUST**

MEMORANDUM VAN 'N OOREENKOMS MET BETREKKING TOT 'N SKENKING IN TRUST, GEMAAK EN AANGEGAAN DEUR EN TUSSEN

**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**
**(ID 821208 5083 080)**

- Hierna die OPRIGTER genoem -

**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**
**(ID 821208 5083 080)**

en

**FREDERICK CHRISTOFFEL ORFFER**
**(ID 850528 5239 083 )**

en

**PIETER DE WIT WESSELS**
as verteenwoordiger van **BOSHOFF VISSER TRUSTDIENSTE (EDMS) BPK Reg.No. 2001/015936/07**

- Hierna die TRUSTEES genoem -

MASTER OF THE HIGH COURT
KAAPSTAD
MEESTER VAN DIE HOË HOF

TEN BEHOEWE VAN:

As Inkomstebegunstigdes:

**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

**FREDERICK CHRISTOFFEL ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

**CHARLOTTE JANE ORFFER** en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

As Kapitaalbegunstigdes:

**CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

**FREDERICK CHRISTOFFEL ORFFER** en/of sy eggenote en/of sy kinders en/of enige trust wat ingevolge klousule 13 van hierdie trustakte opgerig mag word.

AANGESIEN die Oprigter begerig is om 'n trust by wyse van 'n skenking aan die trustees te skep met die doel om 'n trustfonds daar te stel om die inkomste- en kapitaalbegunstigdes (hierna gesamentlik die begunstigdes genoem), te bevoordeel, op die terme en onderhewig aan die voorwaardes wat deur die Oprigter bepaal is en die trustakte vervat word;

EN AANGESIEN die trustees hulleself bereid verklaar het om as trustees op te tree en om die skenking te aanvaar en dit ten behoewe van die begunstigdes te hou en aan te wend, onderhewig aan die voorwaardes wat deur die Oprigter bepaal is en in die trustakte genotuleer word;

NOU DERHALWE GETUIG DIE AKTE DAT DIE OPRIGTER EN DIE TRUSTEES SOOS VOLG OOREENGEKOM HET:

1. WOORDOMSKRYWINGS

1.1 In hierdie trustakte, tensy dit uit die samehang anders blyk:

1.1.1 sluit woorde wat die enkelvoud aandui, ook die meervoud in en omgekeerd; woorde wat die manlike geslag aandui, ook die vroulike geslag in en omgekeerd;

1.2 Die volgende uitdrukking sal die volgende betekenis hê, naamlik:

TRUSTEES — verwys na die ampsbekleërs van die trustee-amp en sluit in die eerste Trustees en enige verdere of latere trustees van die trust van tyd tot tyd;

TRUSTEESKAP — verwys na die amp wat die trustees van die trust beklee;

BEGUNSTIGDES — verwys na inkomste- en/of kapitaalbegunstigdes;

(a) **Inkomstebegunstigdes** verwys na die persone of instellings (insluitende trusts) wat in die aanhef van die akte as sodanig aangewys is en wat ingevolge die diskresionêre magte van die trustees uit die inkomste van die trust bevoordeel kan word;

(b) **Kapitaalbegunstigdes** verwys na die persone of instellings (insluitende trusts) wat in die aanhef van die akte as sodanig aangewys is en wat, by vestiging van die trustkapitaal ingevolge die diskresionêre magte van die trustees, daarop geregtig word.

KINDERS — verwys na alle wettige afstammelinge asook wettige aangenome kinders en dié se kinders;

TRUSTGOED en TRUSTFONDS — verwys na die bates van die trust wat in die trustees vestig of waarop hulle 'n vorderingsreg het, insluitende voorwaardelike regte, naamlik die aanvanklike skenking en enige toevoegings daartoe, ongeag die bron waaruit sodanige toevoegings afkomstig is. Die somtotaal van alle trustgoed van die trust verteenwoordig die trustfonds.

TRUSTAKTE — verwys na hierdie dokument in sy geheel:

2. SKEPPING EN NAAM VAN TRUST

By wyse van die hiernavermelde skenking aan die trustees ten behoewe van die begunstigdes word 'n trust hierkragtens geskep, welke trust bekend sal staan soos op bladsy 1 uiteengesit.

3. SKENKING

Die oprigter skenk hiermee aan die trustees 'n bedrag van R100,00 (EEN HONDERD RAND) welke skenking gemaak en deur die trustees aanvaar word vir doeleindes van die trust en welke skenking die aanvanklike trustfonds van die trust sal verteenwoordig. Enige latere toevoegings tot die trustfonds, ongeag die bron waaruit sodanige toevoegings afkomstig mag wees, sal, as dit deur die trustees aanvaar word, deel van die trustfonds vorm en sal onderhewig aan die bepalings van die trustakte deur die trustees gehou en geadministreer word.

4. VESTIGING VAN REGTE OP TRUSTGOED

By die aanvaarding deur die trustees van hulle trusteeskap hierkragens, en van die voormelde skenking in trust, verwerf die trustees onmiddellik 'n vorderingsreg teenoor die skenker vir oorhandiging van die bedrag van die skenking, en is hulle geregtig en verplig om toe te sien dat die skenking aan hulle oorhandig word. Tydens die geldigheidsduur van die trust is die trustees verplig om alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trustfonds in besit te neem en in bewaring te hou.

5. BEPALINGS MET BETREKKING TOT GETAL TRUSTEES, BEëINDIGING VAN AMP EN OPVOLGENDE TRUSTEES

5.1 Die eerste trustees van die trust is soos op bladsy 1 uiteengesit.

5.2 Daar moet te alle tye minstens TWEE (2) trustees in amp wees, met dien verstande dat in geval daar net een trustee oorbly as gevolg van die bedanking of dood van 'n mede-trustee, die oorblywende trustee gemagtig is om alle magte van trustees uit te oefen vir die behoud en administrasie van die trustfonds tot tyd en wyl 'n verdere trustee aangestel is. Indien daar net een trustee in amp is, is sodanige trustee verplig om 'n verdere trustee binne 90 (NEGENTIG) dae na die uittrede of afsterwe van die ander trustee aan te stel, by ontstentenis waarvan die dienende ouditeur van die trust na eie keuse self as tweede trustee sal optree of 'n tweede trustee van sy keuse kan aanstel. Solank daar net een trustee in amp is, sal sodanige trustee, terwyl hy alleen ageer, geen geldige besluit kan neem rakende die verdeling van inkomste of kapitaal of wysiging van die trustakte nie.

5.3 Die dienende trustees is geregtig om bykomstige trustees van hulle keuse te benoem en aan te stel onderhewig aan die volgende beperkende bepalings:

5.3.1 Indien enige trustees 'n getroude persoon is, sal enige gade van hom of haar nooit kwalifiseer om as 'n trustee van die trust te ageer nie tensy die diensdoende trustees eenparig en gesamentlik so besluit en notuleer of sodanige gade ingevolge sub-paragraaf 5.3.2 testamentêr aangewys is.

5.3.2 'n Trustee het die reg om by wyse van testament trustees in sy plek aan te stel. Sodanige reg sal egter slegs geld indien sodanige trustee 'n begunstigde onder die trust is en by sy dood nog 'n trustee is.

5.4 'n Opvolgende trustee het, sodra hy sy benoeming as trustee skriftelik aanvaar het, alle magte en is onderhewig aan alle pligte van 'n trustee van die trust, ewe asof hy een van die eerste trustees van die trust was.

5.5 'n Trustee hou op om as 'n trustee van die trust op te tree:

5.5.1 as hy as trustee bedank, wat hy geregtig is om te doen deur skriftelike kennisgewing aan sy mede-trustee(s) te dien effekte;

5.5.2 as hy as geestelik versteurd gesertifiseer word;

5.5.3 as sy boedel gesekwestreer word, hetsy voorlopig of finaal, of as hy sy boedel ten behoewe van sy skuldeisers oorgee of as hy 'n kompromis met sy skuldeisers aangaan;

5.5.4 as hy ingevolge die bepalings van die Maatskappywet soos van tyd tot tyd in die Republiek van Suid-Afrika van krag, nie kwalifiseer om as 'n direkteur van 'n maatskappy diens te doen nie.

5.5.5 as hy om enige rede ingevolge Artikel 20 van die Wet op die beheer oor Trustgoed, Nr 57 van 1988, onbevoeg en/of onbekwaam is om as trustee op te tree.

6. SEKERHEIDSTELLING DEUR TRUSTEES

'n Trustee wat as sodanig diens doen, hetsy 'n eerste trustee, 'n bykomstige trustee of 'n opvolgende trustee, word daarvan vrygestel om sekuriteit aan die Meester van die Hooggeregshof of aan enige ander persoon of instansie in terme van die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr 57 van 1988, of onder enige ander statutêre bepaling, vir die behoorlike nakoming van sy pligte as trustee, te verskaf.

7. AFWESIGHEID VAN 'N TRUSTEE

'n Trustee wat tydelik afwesig is van die adres waarvandaan die trust sy besigheid doen, is geregtig om 'n mede-trustee by wyse van 'n skriftelike volmag te magtig om in sy plek op te tree. As alle dienende trustees aldus afwesig is, is hulle geregtig om deur 'n gesamentlike volmag 'n ander persoon of persone te magtig om tydelik namens hulle as trustees op te tree.

8. BESLUITE VAN TRUSTEES

8.1 Die diskresionêre magte ingevolge hierdie akte aan die trustees verleen, is absoluut en onbelemmerd.

8.2 Besluite wat die trustees neem, geskied:

8.2.1 as daar meer as twee trustees is, by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme;
8.2.2 as daar slegs twee trustees is, deur 'n eenstemmige besluit van albei van hulle.

8.3 Indien 'n meerderheidstem of 'n eenparige besluit nie in verband met 'n saak verkry kan word nie, moet die aangeleentheid verwys word na 'n senior advokaat of 'n afgetrede Appèlregter, op wie die trustees besluit het, en, by ontstentenis van eensgesindheid in dié verband, na 'n senior advokaat wat aangewys sal word deur die voorsitter van die Balieraad binne die jurisdiksiegebied van die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof waar hierdie trust geregistreer is. Die arbiter aan wie die dispuut voorgelê word, bepaal self die prosedure wat gevolg sal word en sy beslissing is finaal en bindend op die trustees.

9. MAGTE VAN TRUSTEES

9.1 Die magte wat vir die trustees in hierdie trustdokument omskryf word, is magte waarmee die trustees ampshalwe beklee word ten einde hulle in staat te stel om met die trustfonds te handel ten behoewe van die begunstigdes en nie tot die persoonlike voordeel van die trustees nie. Die omvangrykheid van die agte wat in trustees setel, moet altyd so geïnterpreteer word dat die essensie van die trust, naamlik, die bevoordeling van die trustbegunstigdes, nie leed aangedoen word nie.

9.2 Die trustees het te alle tye al sodanige magte as wat nodig is om met die trustgoed te handel as wat hulle, volgens hulle uitsluitlike diskresie nodig ag om die trustfonds ten beste tot voordeel van die begunstigdes te beheer. Die hoofdoel van die trustees in die administrasie van trustbates sal investering wees en nie die aangaan van spekulatiewe transaksies nie. Sonder inperking van die algmene bevoegdhede van die trustees, is die trustees gemagtig om:

9.2.1 'n bankrekening en/of 'n bouverenigingrekening in die naam van die trust te open, tjeks daarop te trek en gelde daarop te deponeer, wissels en waarborge daarteen te laat uitreik en wissels ten gunste van die trust aan die bank waar die bankrekening geopen is, vir invordering te oorhandig. Vir doeleindes van hierdie sub-paragraaf is die handtekening van enigeen van die trustees voldoende vir enige handeling met betrekking tot die bankrekening mits die bevoegdheid aan 'n enkele trustee verleen, deur 'n behoorlike besluit van die trustees, gerugsteun is. Bankrekening sluit ook rekeninge by erkende finansiële instellings in;

9.2.2 goedere van enige aard, roerend en onroerend, liggaamlik of onliggaamlik, aandele, effekte, skuldbriewe en sekuriteite, te koop, te verkoop, te ruil en te huur, op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal en om regte te sedeer;

9.2.3 gelde wat deel van die trustgoed uitmaak, te belê in sodanige sekuriteite en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal;

9.2.4 bestaande beleggings of beleggings wat die trustees gemaak het, in daardie vorm te behou of hulle te wysig;

9.2.5 lenings, met of sonder rente, en op sodanige voorwaardes as wat die trustees bepaal, aan begunstigdes en ander persone of instansies van die trustees se keuse, te maak, met of sonder sekuriteit;

9.2.6 lenings vir doeleindes van die trust aan te gaan, met of sonder rente en met of sonder sekuriteit, en op sodanige voorwaardes as waarop met die persoon of instansie wat die lening aan die trustees maak, ooreengekom word;

9.2.7 enige bate van die trust onder verband te bring, dit te verhipotekeer of 'n retensiereg daarop te gee;

9.2.8 enige vaste eiendom wat deel van die trustgoed vorm, te verkoop, te verhuur, te verbeter, te verander en te onderhou, en, desnoods vaste verbeterings te sloop en nuwe verbeterings op te rig;

9.2.9 huurgeld in te vorder en huurkontrakte te kanselleer en die nodige stappe te doen vir die uitsetting van 'n huurder uit 'n verhuurde eiendom en dorpstiging en deeltitelontwikkeling daarop te onderneem;

9.2.10 regsgedinge in te stel of te verdedig;

9.2.11 vergaderings van skuldeisers van 'n privaat individu, regspersoon of liggaam wat 'n skuldenaar van die trust is, by te woon, ongeag of die vergadering met insolvensie, likwidasie of geregtelike bestuur verband hou; te stem oor enige saak wat aan die vergadering voorgelê word, en, in die algemeen alle regte wat aan 'n skuldeiser in soortgelyke omstandighede toekom, uit te oefen;

9.2.12 die nakoming van die verpligtinge van enige persoon of regspersoon, teen vergoeding of gratis, te waarborg as borg en mede-hoofskuldenaar, en , as kollaterale sekuriteit vir die doel, 'n bate van die trust as sekuriteit te verbind, mits sodanige borgstelling tot voordeel van die trust en die begunstigdes is;

9.2.13 kwitansies, ontheffings of vrywarings te gee ten aansien van enige bedrag geld of vordering wat ontvang is of waaraan voldoen is;

9.2.14 van die dienste van professionele adviseurs en van ambagsmanne vir die sake van die trust gebruik te maak en vir sodanige dienste uit die trustfonds te betaal;

9.2.15 enige koste in verband met die adminsitrasie van die trust, uit die trustfonds te betaal;

9.2.16 skenkings of erflating ten behoewe van die trust van enigiemand te aanvaar, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes van hierdie trustakte, en, onderhewig aan die bepalings en voorwaardes waarmee sodanige verdere skenking en/of erflating gepaard mag gaan;

9.2.17 boerdery en enige besigheid in naam van die trust, hetsy vir wins of andersins, alleen of in vennootskap of assosiasie, te bedryf;

9.2.18 maatskappye of beslote korporasies in enige deel van die wêreld op te rig met sodanige doelstellings as wat die trustees mag bepaal, die stemreg verbonde aan aandele of belange wat in die trustees vestig, uit te oefen, en in die algemeen alles met betrekking tot so 'n maatskappy of beslote korporasie te doen wat 'n aandeelhouer of belanghebbende ingevolge die statutêre bepalings wat op maatskappye of beslote korporasies van toepassing is, mag doen;

9.2.19 in geval van 'n maatskappy of effektetrust waarvan die statute die oordrag van aandele in naam van die trustees verbied, die aandele in hulle persoonlike name te hou as genomineerdes van en ten behoewe van die trust;

9.2.20 by ontvangs deur die trust van 'n likwidasiedividend, te bepaal of dit deel van die inkomste of kapitaal van die trust sal vorm;

9.2.21 kontrakte met hulleself in hulle persoonlike hoedanighede, gesamentlik of afsonderlik, te sluit, mits die trustees deurgaans vooraf hulle persoonlike belange in sodanige kontrakte openbaar maak en mits sodanige handelinge nie tot nadeel van die begunstigdes is nie;

9.2.22 by die uitoefening van enige van die voormelde magte alle dokumente te teken en alle stappe te doen wat nodig mag wees om betekenisvol aan 'n besondere mag uitvoering te gee;

9.2.23 tussentydse uitkerings van trustgoed aan begunstigdes van die trust, op sodanige wyse en tydstip en in sodanige vorm as wat die trustees mag goeddink, te maak;

9.2.24 lewensversekeringspolisse op die lewe van die oprigter, 'n trustee of enige begunstigde onder hierdie trust aan te gaan en/of per sessie ten gunste van die trust te aanvaar en om die premies daarop te betaal en om die polisse in stand te hou of op enige wyse daarmee te handel. Indien die versekerde gedurende die geldigheidsduur van die trust en terwyl die lewensversekering op sy lewe nog bestaan, te sterwe kom, vorm die opbrengs van die betrokke polis deel van die trustgoed;

9.2.25 in die algemeen die magte en bevoegdhede van 'n maatskappy-direksie uit te oefen en, veral, om mutatis mutandis die bevoegdhede in Bylae 2 tot die Maatskappywet Nr 61 van 1973 aan 'n maatskappy verleen, uit te oefen;

9.2.26 op naam van die trust lidmaatskap en enige kredietfasiliteite by enige landbou- en/of ander koöperatiewe maatskappy of vereniging, of enige ander vereniging, te verkry en te benut en om vir dié doel die trustgoed of enige gedeelte daarvan by wyse van pand, hipoteek of verband as sekuriteit te verbind.

9.2.27 ondergeskikstellingsooreenkomste namens die trust aan te gaan ten opsigte van geld verskuldig deur derde partye aan die trust.

10. <u>LANDBANKVERBANDE</u>

10.1 Trustees het die reg om by die Land- en Landboubank van Suid-Afrika (hierna genoem die Landbank) aansoek te doen vir 'n lening of lenings teen sekuriteit van die trustgoed, roerende sowel as onroerende eiendom, en op voorwaardes soos deur die Landbank bepaal en wat deur die trustees skriftelik aanvaar word.

10.2 Aangesien dit 'n voorwaarde van enige sodanige leningsaansoek is dat ten minste een van die trustees 'n bona fide boer moet wees wat permanent op die aangebode sekuriteit woonagtig is en dit eiehandig moet bewerk, moet aan dié vereistes voldoen word. Indien 'n trustee sou ophou om aan enige van hierdie vereistes te voldoen, is hy verplig om die Landbank onmiddellik dienooreenkomstig in kennis te stel en gelyktydig die naam en adres van die nuwe persoon te verstrek wat die amp van trustee voorts sal beklee en wat aan dié vereistes sal voldoen, welke bevestiging deur die nuwe trustee in die vorm van 'n beëdigde verklaring vervat moet word en aan die Landbank voorgelê moet word.

10.3 Die trustee waarna in 10.2 verwys word, is verplig om hom afsonderlik of gesamentlik soos die geval mag wees, te verbind as borg en/of hoof-skuldenaar vir die nakoming van die verpligtinge onder die Landbankverband en sodanige trustee sal aldus gebonde bly tot tyd en wyl die Landbank sodanige trustee onthef of tot op sodanige tydstip as wat die verpligtinge kragtens die verband afgeloop het.

10.4 Die trustee wat aan die vereistes soos gestel in 10.2 hierbo, voldoen, is verplig, as die Landbank dit vereis, om sy lewe te verseker ingevolge die Landbankversekeringskema wat tot gevolg het dat die verband by afsterwe van sodanige trustee onmiddellik in sy geheel of ten dele betaal word. Die trustee moet toestem dat die premie op sodanige versekering bygevoeg word tot die verpligte jaarlikse terugbetaling soos deur die Landbank bepaal ten opsigte van die verband. Die voordele voortspruitend dit sodanige versekering vorm deel van die trustgoed en bevoordeel nie die versekerde trustee persoonlik nie.

## 11. AANWENDING VAN KAPITAAL

Die trustees is geregtig om in hulle absolute diskresie -

11.1 enige betalings wat hulle ingevolge die bepalings van die trustdokument gemagtig is om uit inkomste te maak, uit die trustfonds te doen as daar nie voldoende fondse uit die trustinkomste vir dié doel beskikbaar is nie;

11.2 te enige tyd tot met die beëindiging van die trust, die geheel of enige gedeelte van die trustgoed aan te wend tot die voordeel van enige een of meer van die begunstigdes in sodanige verhouding of aandele, indien meer as een, en op sodanige wyse en onderhewig aan sodanige voorwaardes en beperkings as wat die trustees van tyd tot tyd mag bepaal en ook sonder om noodwendig die beginsel van gelykheid tussen begunstigdes te handhaaf. Die trustees se diskresie in dié verband sal finaal en bindend op die begunstigdes wees.

11.3 wanneer enige gedeelte van die trustgoed aan 'n begunstigde uitbetaal of oorgedra word, dit in kontant of in goedere, of gedeeltelik in kontant en gedeeltelik in goedere te doen. Die trustees se waardasie van enige bates wat hule ingevolge hiervan in goedere uitkeer, is finaal en bindend op alle begunstigdes;

11.4 wanneer 'n gedeelte van die trustgoed ingevolge sub-paragraaf 11.2 aan 'n begunstigde of groep begunstigdes uitbetaal of oorgedra word, te bepaal dat sodanige begunstigde of groep begunstigdes dan geen verdere verwagting op bevoordeling uit die trust sal hê nie desnieteenstaande enige ander bepalings in hierdie trustdokument.

## 12. AANWENDING VAN INKOMSTE

Die trust is 'n diskresionêre trust wat die aanwending, toekenning en verdeling van trustinkomste betref en die trustees kan inkomste volgens hulle absolute diskresie aan enige bevoordeelde wat as 'n inkomstebegunstigde kwalifiseer, toeken of van hom weerhou, en meer in besonder is hulle geregtig om:

12.1 alle koste wat die trustees in verband met die administrasie van die trust aangegaan het, te betaal;

12.2 aan enige begunstigde sodanige bedrae te betaal as wat die trustees redelik en wenslik mag ag vir die onderhoud, opvoeding, geleerdheid en algemene welsyn van sodanige begunstigde sonder om noodwendig 'n beginsel van gelyke behandeling vir alle begunstigdes dienaangaande, toe te pas;

12.3 netto inkomste, waarop begunstigdes gevestigde regte gekry het by wyse van inkomsteverdeling, op leningsrekening te krediteer ten gunste van sodanige begunstigdes. Die terme van terugbetaling van sodanige leningsrekening sal in die uitsluitlike en absolute diskresie van die trustees wees;

12.4 te besluit aan wie enige gelde of bates oorbetaal of oorhandig moet word ten gunste van enige minderjarige persoon en 'n kwitansie geteken deur so 'n gekose persoon word geag wettig te wees en dien as behoorlike bewys van die betaling of oormaking aan so 'n begunstigde;

12.5 uit die trustgoed terugbetalings aan hulleself te maak ten opsigte van uitgawes wat hulle persoonlik mag aangegaan het in die uitvoering van hulle pligte as trustees;

12.6 inkomste in die trust op te hoop ten einde die trustgoed aan te vul.

13. SKEPPING VAN VERDERE TRUSTS

Wanneer die trustees enige betaling van inkomste of enige toedeling van of uit die trustkapitaal oorweeg, is hulle geregtig om, na onderlinge oorlegpleging met die betrokke begunstigde, en onderhewig aan die hierna gemelde voorskifte, sodanige verdere trust of trusts ten opsigte daarvan te skep vir die uitsluitlike voordeel van sodanige begunstigde en/of enige gade of langslewende gade of kind of kinders van sodanige begunstigde en om sodanige inkomste te betaal of toedelings uit die trustkapitaal te betaal of aan sodanige verdere trust of trusts oor te dra.

13.1 Die datum van beëindiging van sodanige trust of trusts sal die eerste van die volgende datums wees:

13.1.1 die vroegste datum waarop nie een van die begunstigdes in daardie trust(s) meer lewe nie; of

13.1.2 die datum wat die trustees van daardie trust(s) te enige tyd in hulle absolute diskresie vasstel as beëindigingsdatum datum daarvan;

13.2 Minstens een van die dan dienende trustees van hierdie trust sal as een van die eerste trustees van sodanige verdere trust of trusts aangewys word.

13.3 Die inhoud van die oprigtingsakte of oprigtingsaktes van sodanige verdere trust of trusts sal mutatis mutandis in alle opsigte dieselfde wees as die bepalings van hierdie akte.

14. PLIGTE VAN TRUSTEES

Afgesien van die gemeenregtlike pligte wat aan die amp van 'n trustee kleef, is trustees onderhewig aan al die pligte van 'n trustee soos in die Wet op die Beheer oor Trustgoed Nr 57 van 1988 uiteengesit, naamlik om:

14.1 die oorspronklike trustakte of 'n notarieel gesertifiseerde afskrif daarvan by die Meester van die Hooggeregshof in te dien;

14.2 slegs as trustee op te tree na ontvangs van die nodige magtigingsbrief van die Meester van die Hooggeregshof;

14.3 onmiddellik 'n trustrekening by 'n bank of bouvereniging op naam van die trust te open en alle gelde wat die trust verkry in sodanige rekening te stort;

14.4 alle bates van die trust en alle titelaktes en dokumente met betrekking tot die trust in besit te neem en in bewaring te hou;

14.5 behoorlik boek te hou of te laat hou van die sake van die trust;

14.6 alle trustgoed deurlopend afsonderlik te hou of te registreer sodat dit altyd as trustgoed geïdentifiseer kan word;

14.7 nie oor enige bates van die trust vir hulle eie voordeel of vir die voordeel van hulle boedels te beskik nie en om deurlopend met sorgsaamheid en ywer op te tree soos wat redelikerwys van iemand wat die sake van 'n ander hanteer, verwag kan word.

15. BEëINDIGING VAN TRUST EN VERDELING VAN TRUSTGOED

15.1 Die trustees mag te enige tyd in hulle absolute onbelemmerde diskresie die trust beëindig.

15.2 Die trustkapitaal of enige deel daarvan wat nie reeds oorgedra of aangewend is nie, sal by beëindiging van die trust aan die kapitaalbegunstigdes toekom en in hulle vestig onderhewig aan die voorskrifte van hierdie akte.

15.3 Die trustees sal by beëindiging van die trust die trustkapitaal toedeel en oordra aan kapitaalbevoordeeldes volgens hulle vrye oordeel en diskresie en sonder om noodwendig die beginsel van gelykheid tussen begunstigdes te handhaaf of toe te pas nie.

15.4 Indien al die begunstigdes tydens die geldigheidsduur van die trust te sterwe kom, sal, by beëindiging van die trust, hul intestate erfgename hul plek as begunstigdes inneem. By afwesigheid van sodanige intestate erfgename van 'n oorlede begunstigde, kan die trustees die trustkapitaal lewer aan enige een of meer liefdadigheids-, opvoedkundige of godsdienstige instansie(s) van hul keuse, maar steeds onderhewig aan die bepalings van sub-paragraaf 20.3.

15.5 Indien die trustees by beëindiging van die trust sou nalaat om 'n toedeling van die kapitaal te doen, sal alle dan lewende kapitaalbegunstigdes per stirpes in gelyke dele op die trustfonds geregtig wees.

16. PROFESSIONELE DIENSTE

16.1 Die trustees is verplig om behoorlik boek te hou van die sake van die trust, welke boeke jaarliks tot en met die einde van die finansiële jaar van die trust, in die diskresie van die trustees geoudit mag word en daar moet finansiële state opgestel word. Elke begunstigde van die trust is op aanvraag geregtig op 'n afskrif van die jaarlikse finansiële state van die trust.

16.2 Die trustees is geregtig om van die dienste van professionele persone gebruik te maak insoverre sodanige dienste noodsaaklik of wenslik geag word vir doeleiendes van die trust.

17. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID VAN TRUSTEES

'n Trustee is slegs persoonlik aanspreeklik vir verliese wat die trust ly as sodanige verliese die gevolg is van die trustee se versuim om met die sorgsaamheid, ywer en kundigheid op te tree wat van iemand verwag kan word wat die sake van 'n ander hanteer. 'n Trustee is nie aanspreeklik vir die troubreuk van 'n mede-trustee nie tensy daar samespanning tussen die trustees was.

18. WYSIGING VAN TRUSTAKTE

18.1 Gedurende die leeftyd van die oprigter, kan die trustakte deur ooreenkoms tussen die oprigter en die trustees gewysig word.

18.2 Na afsterwe van die oprigter, kan die trustakte gewysig word deur ooreenkoms tussen die trustees.

19. VERGOEDING AAN TRUSTEES

19.1 Die trustees is geregtig op vergoeding vir hulle dienste volgens 'n tarief wat hulle billik ag mits sodanige vergoeding nie die neergelegde tariewe van professionele trustees vir soortgelyke dienste oorskry nie.

19.2 'n Trustee wat 'n prokureur, rekenmeester of ander professionele persoon is, is geregtig op sodanige vergoeding vir professionele dienste gelewer ewe asof hy nie 'n trustee van die trust is nie.

20. BEPALINGS TEN AANSIEN VAN BEGUNSTIGDES

20.1 Die begunstigdes is soos aangewys in die aanhef van hierdie akte gelees met sub-paragraaf 1.2.

20.2 Nieteenstaande enigiets anders tot die teendeel in hierdie akte bepaal, sal geen trustee te enige tyd as 'n inkomste- of kapitaalbegunstigde van hierdie trust kwalifiseer of as sodanig enige voordele ontvang vir solank as wat hy in die gees en bewoording van artikel 3(3)(d) van die Boedelbelastingwet, 45 van 1995, of enige latere wysiging daarvan, bevoeg is om vir sy eie voordeel of vir die voordeel van sy boedel oor trustbates te beskik nie.

20.3 Met uitsondering van 'n trustee wat ageer namens 'n trust waarvan die begunstigdes uitsluitlik natuurlike persone is en mag wees, mag slegs natuurlike persone enige voordeel uit hierdie trust ontvang.

20.4 Tot tyd en wyl 'n begunstigde 'n vorderingsreg ten aansien van 'n voordeel of toekenning kragtens die trustakte verwerf het, het so 'n begunstigde nie 'n aanspraak op die inkomste of kapitaal van die trust nie of 'n eis vir die lewering of oormaking van enige trustgoed aan hom nie.

20.5 Aangesien hierdie 'n diskresionêre trust is en die trustkapitaal in die trustees in hulle amptelike hoedanigheid vestig, het die begunstigdes geen vorderingsreg ten opsigte van die kapitaal of inkomste van die trust en het hulle geen reg om tydens die geldigheidsduur van die trust enigsins met die kapitaal of inkomste van die trust te handel nie.

20.6 Die kapitaal en inkomste van die trust is nie vir beslaglegging vir die skulde van 'n begunstigde vatbaar nie.

20.7 Indien 'n begunstigde voordat hy enige gevestigde regte daartoe het, voorgee dat hy 'n vorderingsreg ten opsigte van die kapitaal of inkomste van die trust het, of as sy boedel gesekwestreer word of indien hy 'n kompromis met sy skuld-eisers aangaan, is die trustees geregtig om die trust ten behoewe van sodanige begunstigde te laat voortduur tot op sodanige tydstip as wat hulle na eie goeddunke mag bepaal.

20.8 Die trustees is by magte om te weier om erkenning te verleen aan enige sessie, assignasie en verpanding van 'n begunstigde se regte kragtens die trustakte en om dit as nietig te beskou. Die trustees kan weier om betalings of oormakings te doen anders as direk aan of ten behoewe van 'n begunstigde wat as 'n begunstigde van die trust kwalifiseer. Nieteenstaande enige moontlike teenstrydige bepalings van die trustakte, word 'n sessie van die regte of verwagtinge van 'n begunstigde ingevolge die trusakte aan 'n sessionaris wat nie 'n natuurlike persoon is, verbied.

21. HUWELIK VAN 'N BEGUNSTIGDE

Alle voordele wat 'n begunstigde kragtens hierdie trustakte mag ontvang, is vir alle doeleindes uitgesluit van enige gemeenskap van goedere of gemeenskap van wins en verlies, en, in die geval van vroulike begunstigdes, van die maritale mag wat ontstaan uit enige huwelik wat gesluit mag word tussen sodanige begunstigde en haar eggenoot. Die aanwasbedeling ingevolge die Wet op Huweliksgoedere Nr 88 van 1984 is nie op enige bevoordeling hierkragtens van toepassing nie.

22. BELASTING

Indien die Oprigter aangeslaan word vir belasting ten opsigte van enige inkomste ontvang deur of toegeval aan die trustees, moet die trustees die aangeslane belasting uit die inkomste van die trust betaal en indien die Oprigter reeds die belasting aldus gehef, betaal het, het die Oprigter 'n eis vir terugbetaling daarvan teen die trustees.

23. VERGADERINGS VAN TRUSTEES EN BESLUITE

23.1 Die trustees moet van tyd tot tyd vergader om die sake van die trust te bespreek en besluite daaroor te neem. In dié verband geld die volgende reëlings:

(a) Op die eerste vergadering van trustees kies hulle uit eie geledere 'n voorsitter, welke voorsitter vir sodanige tydperk as wat die trustees bepaal, in dié hoedanigheid sal optree.

(b) Die besluite wat op vergaderings geneem word, moet behoorlik genotuleer word en oor die algemeen moet dieselfde prosedure gevolg word soos in Artikel 204 van die Maatskappywet Nr 61 van 1973, of latere wysigings daarvan, voorgeskryf.

(c) Elke trustee het die reg om 'n vergadering van trustees byeen te roep.

(d) Beleidsrigtings en prosedures wat op vergaderings gevolg moet word, word deur die trustees self bepaal.

23.2 'n Besluit wat op skrif gestel en deur al die trustees onderteken is, het dieselfde regskrag as 'n besluit wat op 'n vergadering van trustees geneem is.

23.3 Die trustees is verplig om minstens een keer per jaar 'n vergadering te hou en besluit te neem oor die aanwending en/of toekenning van inkomste wat oor die voorafgaande jaar verdien is. Sodanige vergadering moet so spoedig doenlik na die einde van die trust se boekjaar gehou word en die besluite in verband met die verdeling of toekenning van inkomste, is terugwerkend effektief tot die laaste dag van die boekjaar.

23.4 Die trustees kan een of meer van hulle magtig om alle dokumente vir amptelike doeleindes wat vir die administrasie van die trust en ter uitvoering van enige transaksie wat met die trust se sake verband hou, nodig is, namens die trustees te teken en enige besluit wat deur 'n trustee gesertifiseer is as 'n ware uittreksel uit die notule van 'n besondere besluit van al die trustees, het in alle opsigte die regskrag as 'n besluit wat deur al die trustees geteken is.

24. TESTAMENTêRE VOORBEHOUD

24.1 Daar word spesiaal bepaal dat die oprigter die reg sal hê om by wyse van sy testament die formule voor te skryf vir die verdeling van die trustgoed tussen die kapitaalgebunstigdes by beëindiging van die trust, en sodoende aan te dui welke kapitaalbegunstigde welke deel van die trustgoed moet ontvang en die toekennings hoef nie noodwendig gelyk in grootte, waarde of omvang te wees nie.

24.2 Indien die gemelde die oprigter by wyse van sy testament sy prerogatief uitoefen soos in paragraaf 24.1 aan hom verleen, geniet die testamentêre voorskrifte ondanks enige andersluidende bepalings van die trustdokument by beëindiging van die trust voorrang en is bindend.

24.3 Indien geen voorskrifte ingevolge 24.1 gegee is nie, word die trustgoed verdeel in ooreenstemming met die bepalings in paragraaf 15 vervat.

24.4 Die oprigter sal verder die reg hê om by wyse van sy testament verdere begunstigdes aan te wys indien daar by sy (die oprigter) dood geen natuurlike persoon as begunstigde meer in lewe is nie.

24.5 Die bepalings vervat in 24.1, 24.2, 24.3 en 24.4 word nooit so geïnterpreteer dat die afleiding gemaak kan word dat die skenker of die trustees of die oprigter die reg het om die trustgoed aan homself/haarself/hulleself of enigeen van hulle toe te ken nie. Slegs die kapitaalbegunstigdes mag, by beëindiging van die trust, uit die trustgoed bevoordeel word.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Worcester in die teenwoordigheid van die attesterende getuies

op hierdie 2 de dag van April 2009.

AS GETUIES:

1. ____________ (signature)

OPRIGTER

2. ____________ (signature)

25. AANVAARDING DEUR TRUSTEES

Ons, die ondergetekendes, **CHRISTIAAN JOHANNES ORFFER**, **FREDERICK CHRISTOFFEL ORFFER** en **PIETER DE WIT WESSELS** as verteenwoordiger van **BOSHOFF VISSER TRUSTDIENSTE (EDMS) BPK** die benoemde trustees van die **BLOUBANK BOERDERY TRUST**, verklaar hiermee soos volg:

25.1 Ons aanvaar die aanstelling as trustees onderhewig aan die terme, voorwaardes en bepalings van genoemde trustakte.

25.2 Ons aanvaar hiermee met dank die skenking gemaak ten gunste van die begunstigdes spesifiek genoem in hierdie trustakte en bevestig dat ons dit ontvang het.

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Worcester in die teenwoordigheid van die attesterende getuies

op hierdie 2 de dag van April 2009.

AS GETUIES:

1. ____________ (signature)

TRUSTEE

2. ____________ (signature)

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Worcester in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 2de dag van April 2009.

AS GETUIES:

1. ____________________

TRUSTEE

2. ____________________

ALDUS GEDOEN EN GETEKEN TE Worcester in die teenwoordigheid van die attesterende getuies op hierdie 2de dag van April 2009.

AS GETUIES:

1. ____________________

TRUSTEE

2. ____________________